**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 6415/2008

In die saak tussen:-

**J C-MER BOERDERY BK** Eiser

en

**M M DAFFIE t/a KRISTALSTAALWERKE** Verweerder

---

**AANGEHOOR OP:** 1 EN 2 JUNIE 2010

---

**UITSPRAAK DEUR:** MURRAY, Wnd R

---

**GELEWER OP:** 22 JULIE 2010

---

[1] Die eiser vorder skadevergoeding in die bedrag van R213 495.40 tesame met rente en koste weens repudiasie van 'n ooreenkoms in terme waarvan die verweerder vir die eiser 'n staalstruktuur moes vervaardig en oprig.

[2] Dit is gemeensaak dat so 'n ooreenkoms wel gesluit is en dat die verweerder nooit die struktuur opgerig het nie.

[3] Die enigste geskilpunte is óf daar wel repudiasie van die ooreenkoms was, en wát die omvang van eiser se skade is, indien enige.

[4] Die eiser moet dus repudiasie en skade bewys.

[5] Dit is onbetwis dat mnr Johan van der Merwe namens die eiser, J C-MER Boerdery BK, vroeg in Augustus 2007 telefonies Opsie 3 van die verweerder se kwotasie (aanhangsel "A1") aanvaar het en dat die verweerder in terme daarvan vir die eiser binne 'n redelike tyd 'n staalstruktuur van 120 x 6 x 3 meter sou vervaardig en oprig teen R109 000.00; dat die eiser self die sand, klip en sement vir die konstruksie voorsien het en dat die eiser reeds vroeg in Augustus 2007 aan die verweerder 'n deposito van R53 000.00 betaal het.

[6] Dit is verder gemeensaak dat mnr Gert Daffie die kwotasie opgestel en die ooreenkoms namens die verweerder gesluit het maar dat hy die struktuur sou oprig. Die verweerder, mev M M Daffie h/a Kristalstaalwerke, het getuig dat hoewel die besigheid in haar naam bedryf word en die belasting

daaromtrent in haar naam betaal word, mnr Daffie tot met sy dood op 8 Junie 2008 die een was wat die werk vir haar gedoen het en dat sy tot toe maar net die telefoon beantwoord en die kantooradministrasie gedoen het. Dit is bevestig deur die voorman, mnr Johannes Charles, wat getuig het dat hy tot met mnr Daffie se dood vir hom gewerk het, en sedertdien vir mev Daffie. Dit is dus uit die getuienis duidelik dat die firma Kristalstaalwerke die eiendom en bedryf van mev M M Daffie is.

[7] Mnr van der Merwe se getuienis is onbetwis dat hy sedert betaling van die deposito met gereelde tussenposes telefonies by mnr Daffie, en later ook by mev Daffie, navraag gedoen het oor wanneer die verweerder die struktuur gaan oprig. Net ná hy die kwotasie aanvaar het, het mnr Daffie reeds vir hom gesê hy is reeds besig met die vervaardiging. Daarna het mnr Daffie egter deurlopend met elke navraag die een belofte van oprigting na die ander gemaak en die een verskoning na die ander gehad van 'n projek wat hy net eers moes afhandel voor hy die eiser se struktuur sou kom oprig.

[8] Dit is ook onbetwis dat mnr Daffie en sy werknemers slegs eenmaal op die aangewese perseel was, naamlik in Januarie 2008 toe hulle die gate vir die stutpilare gegrawe en met eiser se sement, sand en gruis 56 beton-"voete" daarin gegiet het, elk met twee staalpenne in waaraan die voetplate van die pilare uiteindelik vasgebout sou moes word. Dit is ook onbetwis dat mnr Daffie daarna aanhou sê het hy is net gou besig met ander werk dan kom hy, maar dat dit nooit gebeur het nie.

[9] Mev Daffie het aanvanklik ontken dat mnr Van der Merwe haar en haar man ook tweemaal in hul huis kom sien het omtrent die verweerder se versuim om die werk klaar te maak, maar het later erken dat hy wel daar kon gewees het. Sy het ontken dat sy vir hom gesê het haar man gaan nie meer die skuur oprig nie, maar het erken dat hy met haar man kon gepraat het en dat sy vir hom kon gesê het haar man doen nie die werk klaar nie omdat hy te saggeaard is en nie vir mense kan 'nee' sê nie.

[10] Mev Daffie het toegegee dat sy wel by minstens twee geleenthede in ongeveer Maart of April 2008 terwyl mnr

Daffie siek was, per telefoon met mnr Van der Merwe gepraat het.

[11] Mev Daffie beweer dat mnr Van der Merwe eensydig die kontrak gekanselleer en haar meegedeel het dat hy dit doen omdat hy finansiële probleme ondervind en dat sy toe vir hom lewering van die kappe getender het, wat hy geweier het. Hy ontken dat hy vir haar gesê het hy wil die kontrak om finansiële redes kanselleer en bevestig dat hy nie die lewering van die kappe sonder oprigting van die skuur wou aanvaar nie.

[12] Mnr van der Merwe se weergawe is dat hy die kontrak gekanselleer het weens repudiasie deur die verweerder. Hy het naamlik getuig dat dit vir hom baie duidelik was uit mnr en ook mev Daffie se optrede dat mnr Daffie nie die skuur binne 'n redelike tyd gaan oprig soos ooreengekom nie; dat hy dié optrede as repudiasie gesien en aanvaar het en dat sy aanvaarding van die repudiasie dan ook bekendgemaak is in 'n skrywe van 12 Mei 2008.

[13] Op mev Daffie se eie weergawe was haar tender van die kappe onvolledige of gebrekkige prestasie aangesien daar nog verskeie ander items was wat nog gemaak moes word, onder andere die stutpilare en hul doelgemaakte voetplate, sowel as ander werk wat nog gedoen sou moes word, byvoorbeeld die opsit van die purlins, die vasmaak van die dakplate, ens., voor die struktuur klaar en opgerig sou wees ooreenkomstig die kontrak.

[14] Dit is gemeensaak dat sy nie installasie getender het nie. Sy het nie verduidelik waarom sy dié aflewering van die kappe sou aangebied het terwyl haar man nog gelewe het nie. Sy kon ook nie verklaar waarom die skuur teen April nog nie klaar was as dit so maklik sou wees om dit op te rig soos sy beweer het nie en het ook nie verduidelik waarom sy nie toe ook oprigting getender het nie, aangesien sy erken het dat mnr Charles genoeg ervaring het dat hy en die werknemers self die skuur binne 'n week sonder toesig sou kon oprig.

[15] Mev Daffie kon geen geloofwaardige aanduiding gee van wanneer die kappe wel klaar was nie.

[16] Aanvanklik het sy beweer sy het die 28 kappe ná haar man se dood vir die eerste maal gesien. Die volgende dag het sy beweer sy het dit vroeër al gesien en dat dit ná sy dood steeds daar was. Nog later het sy beweer sy het dit gesien kort na die aankoop van die materiaal, wat sy ook beweer gebeur het kort ná mnr Van der Merwe die kwotasie aanvaar het. Laasgenoemde bewering het sy probeer staaf met drie aankoopfakture, "D1", "D2" en "D3", gedateer Augustus en September 2007, wat sy later in die kantoor gekry het en wat sy 'aanvaar het' was vir eiser se struktuur hoewel geen kliëntnaam of kontrakverwysing daarop verskyn nie.

[17] Mnr Charles het egter dié bewering weerlê. Hy het getuig hy het die kappe gemaak toe mnr Daffie hom gewys het hoe om dit te doen ná die gate in 2008 gegrawe is.

[18] Hy het ook haar bewering dat sy die kappe ná haar man se dood vir skrootmateriaal verkoop het, weerlê. Op sy weergawe het hulle die kappe opgesaag kort na hulle in Junie 2008 die nuwe perseel betrek het waar dit in die pad was en het dit toe vir ander projekte aangewend.

[19] Mev Daffie het ook onder kruisondervraging erken dat toe haar prokureur in April 2009 lewering van die 28 kappe getender het, al die kappe nie meer bestaan het nie.

[20] Mev Daffie het ook ontvangs van die skrywe met mnr Van der Merwe se aanvaarding van die repudiasie ontken. Hoewel sy erken het dat die adres daarop haar korrekte posadres is, het sy beweer sy het die skrywe vir die eerste maal by haar prokureur gesien waar dit aangeheg was aan die dagvaarding. Die relaas toon egter dat die dagvaarding met die brief as aanhangsel "A" op haar persoonlik beteken was.

[21] Sy het voorts onder kruisondervraging erken dat sy nooit 'n lêer met enige dokumentasie, fakture of korrespondensie ten aansien van die kontrak met eiser aangehou het nie.

[22] Mnr van der Merwe het getuig dat die eiser 'n boerdery bedryf het op die plaas waar verweerder die skuur moes oprig waarin eiser beoog het om 4000 lammers te voer. Dit moes die eerste in 'n reeks staalstrukture wees, elk met

bepaalde afmetings vir 'n bepaalde doel.

[23] Hy het ook getuig dat die boerdery bedryf word op grond wat van 'n trust gehuur word, maar dat die eiser self, en nie die trust nie, al die risikos en wins en verlies ten aansien van die boerdery sowel as die staalstruktuur dra. Hy het voorts getuig dat die skuur nooit bedoel of ontwerp was om permanent aan die grond te heg nie en die hele struktuur van die "voete" af losgebout en uitmekaargehaal en verskuif kan word na 'n ander perseel indien nodig.

[24] Mnr van der Merwe het ook getuig dat die eiser steeds so 'n skuur benodig. Ná die ooreenkoms met die verweerder in 2008 beëindig is, is 'n kwotasie, bewysstuk "A3", dus vanaf BMI Steel Structures CC verkry vir die oprigting van 'n soortgelyke staalkonstruksie. Hul oprigtingsprys van R251 461.13 was aansienlik meer as die R109 000.00 wat die verweerder gekwoteer het en waarop in die kontrak ooreengekom is.

[25] Dié syfers is aanvanklik gebruik vir die dagvaarding. Omdat die betrokke kontrakteur egter nie kans gesien het

om in 'n hofgeding betrokke te raak nie, is twee nuwe kwotasies verkry vanaf D M Staalwerke, bewysstukke "B1-B2" en "C1-C2", onderskeidelik.

[26] Die besonderhede van vordering is gewysig ooreenkomstig die syfers op bewysstuk "B1-B2", die kwotasie vir Mei 2010, met oprigtingskoste van R272 550.17. Op grond daarvan, tesame met die eiser se deposito van R53 000, minus die ooreengekome kontraksprys van R109 000.00, het die eiser dan 'n gewysigde bedrag van R216 550.47 as skadevergoeding geëis.

[27] In argument is die hof egter versoek om die eisbedrag te bereken aan die hand van Bewysstuk "C1-C2", die kwotasie vir oprigting soos in Mei 2008 waarin die oprigtings- en vervaardigingskoste R269 495.40 beloop. Tesame met eiser se deposito van R53 000.00 minus die ooreengekome kontraksprys van R109 000.00, is die eiser se huidige eisbedrag dus R213 495.40.

[28] Mev Pattas, mede-eienaar van D M Staalwerke wat die gemelde kwotasies opgestel het, het as deskundige namens

eiser getuig oor die gekwoteerde bedrae. Sy het verduidelik dat D M Staalwerke om verskeie redes nie die struktuur teen die kontraksprys sou kon oprig nie.

[29] Sy het getuig dat, hoewel sy die kwotasies gebaseer het op die materiale (bv die 'lip channel') wat verweerder volgens húl plan sou gebruik, D M Staalwerke self swaarder staal vir so 'n konstruksie sou gebruik weens die lengte van die struktuur en die gepaardaande groter risiko weens die feit dat dit in 'n oopte op 'n plaas opgerig moes word waar dit geen beskerming teen sterk winde sou kry deur ander geboue nie.

[30] Sy het ook getuig dat D M Staalwerke, soos die verweerder, in 2008 hul materiale by Stewarts & Lloyds aangekoop het en dat die 2008 materiale-pryslys (Bewysstuk "C2") in haar kwotasie dié pryse reflekteer. Geen getuienis is namens verweerder aangebied dat dié pryse onredelik is of dat haar berekeninge foutief is nie.

[31] Sy het ook getuig dat sy haar kwotasie (Bewysstuk "C1") uitgewerk het aan die hand van vorige planne wat deur

argitekte en inginieurs opgestel is vir vergelykbare strukture wat D M Staalwerke al opgerig het.

[32] Sy het verduidelik dat hulle nie die bestaande "voete" sou kon gebruik indien hulle so 'n struktuur sou oprig nie, aangesien die voete slegs 2 penne elk inhet instede van die voorgeskrewe 4 vir konstruksies van daardie grootte. Sy het verduidelik dat sy self al gesien het hoe strukture in sterk wind 'swaai' as die stutpilare slegs aan 2 boute elk vas is omdat die struktuur dan onstabiel is. Sy het ook verduidelik dat die penne nie maar net uitgeboor kan word nie, omdat elke beton"voet" met die penne in as 'n eenheid gegiet word en dat die voete dus van nuuts af oorgegiet sal moet word.

[33] Dit is nie aan Mev Pattas gestel, of enige getuienis tot dié effek aangebied, dat haar syfers en berekeninge verkeerd is nie. Daar is bloot in argument beweer al haar getuienis omtrent die materiale wat sy sou gebruik was "te ver verwyderd van die feite van die saak" en dat eiser "nie die beste getuienis beskikbaar gebruik het om sy skade te bewys nie".

[34] Hoewel die verweerder teoreties die bogemelde argumente as verwere sou kon opper teen die skadevergoedingseis, sou hy dan die bewyslas dra om sodanige verwere te bewys. Hy het hom egter nie van hierdie bewyslas gekwyt nie – hy het dit in ieder geval ook nie gepleit nie.

[35] Mnr. van der Merwe het homself nie gedurende sy getuienis weerspreek nie en word hy as 'n geloofwaardige getuie aangemerk. Sy weergawe van die gebeure word dus aanvaar bó die van Mev Daffie om die redes soos hieronder uiteengesit.

[36] Ook mev Pattas se getuienis omtrent die pryse en bedrae soos gekwoteer in "C1-C2" is onbetwis en word haar berekeninge aanvaar as die redelike en billike koste vir die oprig van die struktuur in 2008.

[37] Die verweerder het met sluit van die eiser se saak aansoek gedoen om absolusie, welke aansoek van die hand gewys is.

[38] Mev. Daffie se getuienis was hoogs onbevredigend, spesifiek ten aansien van die datums waarop die kappe na bewering klaar sou wees, die fakture vir die beweerde aankope, die heraanwending van die staal en die inhoud van haar gesprekke al dan nie met mnr Van der Merwe. Sy kon omtrent verskeie aspekte van die saak geen bevredigende antwoorde gee nie en het haarself meermale weerspreek.

[39] Haar weergawe ten aansien van die kappe se vervaardiging en heraanwending is boonop weerspreek deur haar voorman, Mnr Charles, wat geen rede sou hê om nie die waarheid te praat nie en as 'n eerlike getuie oorgekom het en wie se weergawe hiervan dus bo hare aanvaar word.

[40] Mev Daffie se weergawe omtrent die kansellasie van die kontrak word dus verwerp en word bevind dat haar en mnr Daffie se optrede sodanig was dit dit inderdaad redelikerwys 'n persepsie van repudiasie kon geskep het en dat die eiser dus geregtig was om die kontrak te kanselleer.

[41] Uit beide mev Daffie en mnr Charles se getuienis blyk dat die kappe en die staal tot die verweerder se finansiële voordeel

aangewend is terwyl die eiser geen teenprestasie ontvang het vir die deposito van R53 000.00 wat hy betaal het nie. Mev Daffie het ook geen teeneis ingestel nie, waaruit die afleiding gemaak kan word dat sy nie skade gely het nie.

[42] Repudiasie is een van vyf vorms van kontrakbreuk, meer spesifiek bekend as kontrakbreuk *in anticipando*. Dit geskied wanneer uiteindelike wanprestasie met redelike sekerheid afgelei kan word deurdat die verweerder hetsy onsekerheid skep oor of hy gaan presteer of sekerheid dat hy nie gaan presteer nie.

[43] Sodra die vooruitsig van wanprestasie blyk uit die verweerder se optrede of uit sy woorde, kan die eiser sodanige optrede of woorde as kontrakbreuk beskou ongeag of die tyd vir prestasie reeds aangebreek het en ongeag of die voorsiene wanprestasie reeds plaasgevind het.

[44] Die eiser kan dan, soos *in casu*, onmiddellik sy remedies vir kontrakbreuk uitoefen, soos in **TUCKERS LAND AND DEVELOP-MENT CORPORATION (PTY) LTD vs HOVIS**

1988(1) SA 645 (A) te 652 G en **DE WET vs KUHN** 1910 CPD 263 te 267.

[45] Optrede wat as repudiasie gesien kan word, kan hetsy 'n positiewe handeling óf 'n versuim wees. Blote versuim om te presteer skep egter nie *per se* 'n redelike afleiding dat prestasie geweier word of dat dit gebrekkig sal wees nie, dus moet daar ook ander optrede of woorde wees waaruit redelikerwys wanprestasie voorsien kan word. In **PONISAMMY vs VERSAILLES ESTATES (PTY) LTD** 1973(1) SA 372 (A) te 387 sê Nienaber, AR:

> "Daar moet 'op sy minste 'n handeling van die een of ander aard aan die kant van die repudieerder wees, hetsy positief in die sin dat hy deur woord of daad 'n indruk van komende wanprestasie skep, hetsy negatief in die sin dat hy swyg wanneer omstandighede redelikerwys van hom verwag om so 'n bestaande indruk te besweer.'"

[46] Optrede wat aanleiding kan gee tot die persepsie van repudiasie, kan oor 'n tydperk plaasvind, soos *in casu,* solank dit die afleiding regverdig dat die kontraksparty nie

gaan presteer soos wat die kontrak vereis nie.

[47] In die onderhawige geval was die ooreenkoms op mnr Van der Merwe se onbetwiste weergawe dat die struktuur binne 'n redelike tyd opgerig moet word, maar dat mnr Daffie vir **tien maande** lank op elke navraag 'n nuwe verskoning gehad het waarom die skuur nie opgerig word nie en dat die indruk dat dit nie binne 'n redelike tyd gaan klaarkom nie, versterk is deur Mev Daffie se mededeling dat haar man nie klaarkry nie omdat hy te sag is en nie vir mense kan 'nee' sê nie.

[48] Afgesien van hierdie optrede waaruit die eiser repudiasie van die ooreenkoms sou kon aflei, is boonop onvolledige of gebrekkige prestasie op Mev Daffie se eie weergawe getender toe sy aangebied het om die kappe af te lewer sonder om aan te bied om die struktuur op te rig of te laat oprig en so die ooreenkoms gestand te doen. Dié optrede van Mev Daffie stel opsigself repudiasie daar. Sien **ULLMAN BROS. LTD v KROONSTAD PRODUCE CO.** 1923 AD 449 [45]

[49] Mnr en mev Daffie se werklike of subjektiewe bedoeling is ontersaaklik. In **VAN ROOYEN vs MINISTER VAN OPENBARE WERKE EN GEMEENSKAPSBOU** 1978(2) SA 835 (A) te 845 H tot 846 A het die Appèlhof bevind "Om 'n ooreenkoms te repudieer, hoef daar nie ... 'n subjektiewe bedoeling te wees om 'n einde aan die ooreenkoms te maak nie". Sien verder **HIGHVELD 7 PROPERTIES (PTY) LTD vs BAILES** 1999(4) SA 1307 (SCA).

[50] Dit is dus irrelevant of mnr of mev Daffie bedoel het om die kontrak te beëindig of nie: hul optrede het redelikerwys die persepsie van komende wanprestasie geskep. In **DATACOLOR INTERNATIONAL (PTY) LTD vs INTAMARKET (PTY) LTD** 2001(2) SA 284 (SCA) te 294 is gesê:

> "Repudiation is ... not a matter of intention, it is a matter of perception. The perception is that of a reasonable person placed in the position of the aggrieved party. The test is whether such notional reasonable person would conclude that proper performance (in accordance with a true interpretation of the agreement), will not be forthcoming ...".

[51] Mev Daffie sou wel die eiser se reg om terug te tree uit die

kontrak weens repudiasie kon uitwis as sy aangebied het om **volledig** te presteer in terme van die ooreenkoms **vóór** die eiser sy keuse uitgeoefen het om terug te tree. Maar dit het nie gebeur nie. Al het sy wel aangebied om die kappe te lewer, het sy nie aangebied om die skuur te voltooi en op te rig nie en was haar aanbod dus niks anders as gebrekkige prestasie wat nie die repudiasie kon uitwis nie.

[52] Wanneer 'n party gebrekkige of onvolledige prestasie aanbied, soos mev Daffie *in casu* waar die ooreenkoms was om die struktuur op te rig binne 'n redelike tyd, en dit duidelik blyk dat dit nie is wat aangebied word nie, is die teenparty geregtig om die afleiding te maak dat die party nie van voorneme is om wel die ooreenkoms volledig na te kom nie.

[53] *In casu* is hierdie afleiding versterk deur mnr Daffie se optrede om ná herhaalde navrae en twee persoonlike besoeke deur die eiser byna 'n jaar na kontraksluiting nog steeds nie te presteer nie en slegs elke keer met nuwe verskonings vorendag te kom en is dit dan ook bevestig

deur mev Daffie se tender van blote lewering van die kappe.

[54] Aanvaarding van die repudiasie beëindig die kontrak. In die onderhawige saak het die eiser wel binne 'n redelike tyd, naamlik op **12 Mei 2008**, die repudiasie skriftelik aanvaar. Sien in hierdie verband **<u>VROMOLIMNOS (PTY) LTD vs WEICH</u>** 1991(2) SA 157 (C) te 162 F.

[55] Die eiser se reg om vergoeding te eis vir skade wat voortvloei uit die verweerder se repudiasie, ontstaan uit sy reg om uit die kontrak terug te tree weens die verweerder se kontrakbreuk. Sien in dié verband **<u>STEWART WRIGHTSON (PTY) LTD vs THORPE</u>** 1977(2) SA 943 (A).

[56] Daaruit volg noodwendig dan dat die eiser skadevergoeding kan eis vir enige skade wat hy sou ly weens die repudiasie deur die verweerder. Eiser moet sy skade bewys, asook 'n feitelike kousale verband tussen die kontrakbreuk en sy skade en dat die skade 'n natuurlike gevolg is van die repudiasie.

[57] Om geregtig te wees op skadevergoeding, hoef die eiser

nie die presiese omvang van sy verlies te bewys nie mits hy die beste getuienis aanbied wat wel beskikbaar is. Dan is hy geregtig op 'n toekenning op die beskikbare getuienis soos blyk uit **ESSO STANDARD SOUTH AFRICA (PTY) LTD vs KATZ** 1981(1) SA 964 (A) en **AARON'S WHALE ROCK TRUST vs MURRAY AND ROBERTS** 1992(1) SA 652 (C).

[58] In **BALWRICK FARMS (PTY) LTD vs WESSELS** 1994(3) SA 425 (A) het die Appèlhof bepaal dat skade voorkom waar die gebruik van 'n bate verbeur word as gevolg van die een of ander onseker gebeurtenis. Dié skade sluit in verpligtinge wat voortgespruit het uit die onsekere gebeurtenis maar ook wat onafwendbaar uit die gebeurtenis sal volg, mits dit redelik is. Sien **JONNES vs ANGLO AFRICAN SHIPPING COMPANY 1936) LTD** 1972(2) SA 827 (A).

[59] Dit gebeur byvoorbeeld, soos *in* casu, waar onvolledige of gebrekkige prestasie getender word wat dit noodsaaklik maak vir die eiser om kostes aan te gaan om die gebrek aan te vul. Sien **SCHMIDT PLANT HIRE (PTY) LTD vs PEDRELLI** 1990(1) SA 398 (D).

[60] Die wesenlike vraag by kontrakbreuk is of die verband tussen die kontrakbreuk en die skade regtens nou genoeg is. Daarom moet gekyk word of die nie-voltooing van die struktuur 'n wesenlik voorvereiste is vir die skade waarvoor die eiser eis.

[61] Eerstens eis die eiser vir die ekstra onkostes wat hy moet aangaan om die skuur deur iemand anders te laat oprig. Dié kostes sou hy vanselfsprekend nie moes aangaan as die verweerder wel volledig presteer het nie.

[62] Tweedens eis die eiser vir die deposito wat hy betaal het en waarvoor hy geen teenprestasie gekry het nie. Waar 'n kontraksparty redelike uitgawes aangegaan het om sy mede-kontraksparty se teenprestasie te bekom, soos *in casu* waar die eiser 'n deposito van R53 000.00 moes betaal het en waarvan die staal vir die kappe tot verweerder se uitsluitlike voordeel aangewend is, word sodanige uitgawes onbruikbaar as die eiser weens die kontrakbreuk van die verweerder nie volledige prestasie ontvang nie. Sien in die verband **PROBERT vs BAKER** 1983(3) SA 229 (D) te 235

sowel as **TWEEDIE vs PARK TRAVEL AGENCY t/a PARK TOURS** 1998(4) SA 802 (W) te 809 F. Hierdeur word die vereiste van 'n feitelike kousale verband tussen die kontrakbreuk en die skade dan ook bevredig.

[64] Op 'n oorwig van waarskynlikhede het die gemelde nie-voltooing dus daartoe gelei dat eiser nie net sy deposito verloor het nie, maar ook ekstra kostes moet aangaan om 'n ander kontrakteur te kry om die struktuur wel op te rig.

[65] In **STEENKAMP vs DU TOIT** 1910 TS 171 op 175 het Innis, R, gesê 'n man wat versuim het om sy kontraktuele verpligtinge na te kom is aanspreeklik vir sodanige skade as wat hy redelik moes weet natuurlik en waarskynlik uit die kontrakbreuk sou voortvloei; sodanige skade, met ander woorde, as wat hy met sy kennis van die omstandighede natuurlik kon verwag om uit die kontrakbreuk voort te vloei.

[67] Slegs die aard van die skade hoef voorsienbaar te wees, nie die presiese omvang van die skade nie. In **EDOUARD vs ADMINISTRATEUR, NATAL** 1989(2) SA 368 (D) te 385 B word gesê:

> "If the kind or type of loss likely to be caused by the breach of contract was within the reasonable contemplation of the parties when the contract was made and therefore not too remote, it is immaterial that the magnitude or extent of the loss is such that it was not within the reasonable contemplation of the parties."

[68] Dit beteken nie dat mnr Daffie en mnr Van der Merwe werklik die skade moes oorweeg of voorsien het nie maar slegs dat indien hulle die kwessie van kontrakbreuk in ag sou neem, hulle as redelike mense sou voorsien het dat hierdie tipe verliese waarskynlik sou volg.

[69] 'n Reg om skadevergoeding weens kontrakbreuk te eis, ontstaan so gou as wat die kontrakbreuk skade veroorsaak en is onmiddellik afdwingbaar selfs as al die gevolge van die kontrakbreuk nog nie gematerialiseer het nie.

[70] Skadevergoeding word juis toegeken is om die eiser te vergoed vir die skade wat hy weens die kontrakbreuk gely het en moet in geldwaarde gekwantifiseer word met verwysing na byvoorbeeld die koste van die voltooiing van 'n

gebrekkige of ongelewerde prestasie plus rente op sodanige voltooiing.

[71] In **NOVICK vs BENJAMIN** 1973(2) SA 842 (A) het Trollip, JA, op p. 860 verduidelik dat 'n fundamentele beginsel in die Suid-Afrikaanse Reg is dat vir kontrakbreuk die persoon wat as gevolg daarvan skade ly met 'n toekenning van skadevergoeding in dieselfde posisie geplaas moet word as wat hy sou beklee indien die kontrak wel uitgevoer is.

[72] Die skadebeperkingsreël is ook op kontrakbreuk van toepassing. Dit hou verband met die redelikheid al dan nie van die eiser se optrede ná kontrakbreuk in die omstandighede van die bepaalde saak.

[73] In **DE PUNTO vs RENSEA INVESTMENTS (PTY) LTD** 1977(2) SA 1000 (A) soos reggestel in 1977(4) SA 529 (A) het De Villiers, AR, verduidelik dat hoewel daar vanselfsprekend 'n plig op 'n eiser rus om sy skade te beperk, hierdie plig in die Suid-Afrikaanse Reg niks verder gaan as om te vereis dat die eiser in alle omstandighede redelik optree nie. Sien verder in dié verband **HOLMDEME**

**BRICKWORKS (PTY) LTD vs ROBERTS CONSTRUCTION COMPANY (PTY) LTD** 1977(3) SA 670 (A).

[74] Niks méér word dus van die eiser verwag as om die stappe te neem wat 'n redelike persoon in sy posisie sou geneem het nie.

[75] Waar 'n verweerder beweer die eiser het versuim om sy skade te beperk, moet hy dit bewys. *In casu* is dit nie gepleit nie. In argument is wel sodanige bewering gemaak, maar om te slaag moes die verweerder bewys dat die eiser geen sodanige stappe geneem het nie of dat die stappe wat hy wel geneem het, nie redelik was nie. Sien hieromtrent **EVERETT vs MARIAN HEIGHTS (PTY) LTD** 1970(1) SA 198 (C).

[76] In **HAZIS vs TRANSVAAL AND DELAGOA BAY INVESTMENT COMPANY LTD** 1939 AD 372 te 388 is beslis:

> "This rule about mitigating damages relates not to what the claimant in fact did, but to what he should

> have done. ... Both on principle and on precedent the burden of proving that the claimant for damages did not take reasonable steps to mitigate the damage which he actually suffered is upon the one who asserts that those reasonable steps were not taken."

[77] Die Appèlhof het bevind dat hierdie onus nie maklik gewyt word nie. In **BANCO DE PORTUGAL vs WATERLOW AND SONS LTD** 1932 (AC) 452 op 506 het Regter Corbitt met goedkeuring uit **EVERETT AND ANOTHER vs MARIAN HEIGHTS**, *supra*, die volgende aangehaal:

> "The law is satisfied if the party placed in a difficult situation by reason of the breach of a duty owed to him has acted reasonably in the adoption of remedial measures and he will not be held disentitled to recover the cost of such measures merely because the party in breach can suggest that other measures less burdensome to him might have been taken."

[78] In die lig van die gebrek aan enige getuienis tot die effek dat die eiser nie soos 'n redelike man opgetree het nie en nie redelike stappe geneem het om sy skade te beperk nie, en veral in die lig van Mev Pattas se onbetwiste deskundige getuienis, word bevind dat die verweerder hom nie gekwyt

het van die onus om te bewys dat die eiser nie sy skade voldoende beperk het nie.

[79] Die verweerder is aanspreeklik vir die eiser se algemene skade wat natuurlik voortvloei uit die besondere daad van kontrakbreuk en wat in die normale verloop van sake voorkom, soos bespreek in **EVERETT vs MARIAN HEIGHTS** asook in **HOLMDENE BRICKWORKS**, te p. 987 D.

[80] In aangeleenthede waar die verweerder verplig was om iets te bou of op te rig, soos *in casu,* lei sy versuim om die werk te voltooi normaalweg tot aanspreeklikheid vir die verskil tussen die kontrakprys en die hoër bedrag wat die skuldeiser iemand anders moet betaal om die werk te voltooi. Sien **REID vs L S HEPKER & SON (PVT) LTD** 1971(2) SA 138 (RA). Net soos waar gebrekkige werk gelewer word, moet die eiser gewoonlik die koste kry om die defek reg te stel.

[81] Die crux van hierdie saak is dat eiser 'n skuur bestel het en 'n opgerigte skuur belowe is en dat die eiser niks gekry het nie.

Die aanbod om die kappe te lewer en die bewering dat die kappe vervaardig is, die gate gegrawe en die voete gegiet is, help die verweerder niks want daar is nie 'n skuur nie, selfs al sou die kappe gelewer word. Boonop het die verweerder die kappe en per implikasie die deposito wat die eiser betaal het vir eie gewin aangewend.

[82] Mev Pattas se getuienis oor die redelikheid van die kostes van oprigting van 'n soortgelyke skuur 'n jaar later is onbetwis en het die verweerder geen getuienis gelewer dat die bedrae wel onredelik is nie. Daar word dan bevind dat die eiser wel die beste beskikbare getuienis aangebied het en geregtig is op skadevergoeding ooreenkomstig die getuienis.

[82] In die lig van die verweerder se versuim om te bewys dat die eiser onredelike bedrae eis vir die oprigting van die stoor en dat hy versuim het om sy verliese te beperk en voorts ook om te bewys dat die skade wat geëis word nie binne die voorsiening van die partye kon wees as hulle wel oor kontrakbreuk sou nadink nie, word dan bevind dat die eiser geregtig is op die skade wat hy eis op grond van die

verweerder se repudiasie.

[83] Uit mnr van der Merwe se onbetwiste getuienis is die enigste afleiding wat gemaak kan word dat die eiser (die BK) die enigste instansie is wat die skade kon ly, nie mnr van der Merwe of die trust nie, en dat 'n aansoek om absolusie dus nie kan slaag nie.

[84] Daar word dan bevind dat die eiser daarin geslaag het om sy skade te bewys soos uiteengesit in die kwotasie van 2008, Bewysstuk "C1-C2".

**BEVELE:**

Gevolglik word die volgende bevele word gemaak:

1. Die verweerder word gelas om aan die eiser skadevergoeding te betaal in die bedrag van R213 495.40.

2. Die verweerder word gelas om aan die eiser rente teen 15,5% *a tempore morae* te betaal op

die bedrag van R213 495.40.

3. Die verweerder word gelas om die kostes van die geding te betaal.

H. MURRAY, Wnd R

Namens die eiser:

Adv. Seef Hefer
In opdrag van:
McIntyre & Van der Post
BLOEMFONTEIN

Namens die verweerder:

Mnr JHD Bloem
In opdrag van:
Spangenberg Zietsman & Bloem
BLOEMFONTEIN